***FORM A***

**FILING SHEET FOR EASTERN CAPE, PORT ELIZABETH**

PARTIES**:** **LENA MOLIN DIRK V JOEY CEDRIC RUITERS (2572/02) & DIE PADONGELUKKEFONDS (1336/01)**

Case Number: **as above**

1. High Court: **PORT ELIZABETH**
2. 

- DATE HEARD: **30.11.09 and 1.12.09**
- DATE DELIVERED: **8 DECEMBER 2009**
- JUDGE(S): **JANSEN J**
- 

LEGAL REPRESENTATIVES –

*Appearances:*

1) for the Plaintiff(s): **ADV L SCHUBART**
2) for the Defendant(s): **ADV N PATERSON (1ST DEF – RUITERS)**
3) **ADV J NEPGEN (2ND DEF - PADONGELUKKEFONDS)**
4) 

*Instructing attorneys:*

- Plaintiff(s): **GOLDBERG & DE VILLIERS**
- Defendant(s): **JOHAN CRONJE ATTORNEYS (RUITERS)**
- **WILKE WEISS AND VAN ROOYEN (PADONGELUKKEFONDS)**

CASE INFORMATION -

1) *Nature of proceedings*:
2) *Key Words*:
3) *Summary:*

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA nie rapporteerbaar nie

OOS-KAAP, PORT ELIZABETH

Datum gelewer: 8 Desember 2009

In die saak tussen:

**LENA MOLIN DIRK** Eiseres

en

**JOEY CEDRIC RUITERS** Eerste Verweerder
(saak no. 1336/01)

en

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Tweede Verweerder
(saak no. 2572/02)

---

**UITSPRAAK**

---

**JANSEN, R:**

Hierdie is ‘n aksie vir skadevergoeding. Die partye het ooreengekom dat die meriete van die saak en die quantum van die skade geskei word. Hierdie uitspraak handel slegs met die meriete van die saak.

Die eiseres was werksaam by die Patensie Sitrus Korporasie. Sy was woonagtig te Hankey. Op 10 Junie 1989 was sy een van verskeie werkers wat op die perseel van die Korporasie gestaan en wag het vir busvervoer na Hankey. Een van die busse wat vervoer sou verskaf het behoort aan die eerste verweerder. Dit was ’n Mercedes-Benz bus met registrasienommer BHW 685 EC wat bestuur was deur ene Martin Plaatjies. Hy was 'n gelisensieerde bestuurder op daardie stadium tydelik in diens van die eerste

verweerder. Dit is gemeensaak dat die eiseres op die betrokke dag ernstige beserings aan haar linkeronderbeen opgedoen het toe die linkervoorwiel van die bus bestuur deur Plaatjies oor haar linkerbeen geloop het.

Die eiseres het aksie ingestel teen die eerste verweerder op 6 Junie 2001 en spesifiek in die Besonderhede van Vordering aangevoer dat sy in die proses was om as ’n betalende passasier die bus te bestyg toe die bus skielik vorentoe beweeg het wat tot gevolg gehad het dat die eiseres vanaf die bus geval het waarna die bus oor haar been beweeg het. Dit is spesifiek gepleit dat weens die feit dat Plaatjies die bus bestuur het in die uitvoering van sy pligte in diens van die eerste verweerder, die eerste verweerder middellik aanspreeklik is vir die skade van die eiseres.

Die eerste verweerder het op die eiseres se Besondering van Vordering spesifiek gepleit en ontken dat die eiseres beseer is terwyl sy in die proses was of gepoog het om die bus te bestyg. Die eerste verweerder het gepleit dat die eiseres beseer is terwyl sy ’n voetganger was. Dit is gepleit dat die eiseres slegs van die vervoer wat die bus aangebied het gebruik wou maak, maar ontken dat sy in die proses was om op die bus te klim. Dit is gepleit dat die eiseres, terwyl sy ’n voetganger was, na die bus beweeg het terwyl die bus in beweging was en op pad na die bushalte. In hierdie proses, en voordat die eiseres die bus bestyg het, het sy volgens die eerste verweerder se pleit geval en is sy beseer. Die pleit is gedateer 28 Junie 2001.

Die eerste verweerder se pleit het tot gevolg gehad dat die eiseres aksie ingestel het teen die tweede verweerder op 21 Oktober 2002. In die Besonderhede van Vordering in hierdie aangeleentheid teen die tweede verweerder het die eiseres haar bewering herhaal dat sy in die proses was om die bus te bestyg as 'n betalende passasier, dat sy in die proses was om die bus te bestyg, dat die voertuig skielik vorentoe beweeg het as gevolg waarvan sy geval het vanaf die bus, waarna die bus oor haar been gery het. In die alternatief is gepleit dat die eiseres 'n voetganger was en dat die versekerde voertuig met die eiseres in botsing gekom het.

In reaksie op die eiseres se Besonderhede van Vordering het die tweede verweerder gepleit dat die eiseres in die proses was om die bus te bestyg met die bedoeling om vervoer te word as 'n passasier daarin, waarop sy van die bus geval het waarop die bus oor haar been gery het. Die tweede verweerder het spesifiek ontken dat die eiseres op die stadium toe sy beseer is 'n voetganger was en het ook enige nalatigheid aan die kant van die bestuurder ontken. Dit was verder die tweede verweerder se pleit dat in die geval van 'n bevinding dat die eiseres beseer is terwyl sy in die proses was om die bus te bestyg, en dat die beserings veroorsaak is deur die nalatigheid van die bestuurder, die tweede verweerder se aanspreeklikheid beperk is tot 'n bedrag van R25 000 ingevolge die bepalings van artikel 18 van Wet 56 van 1996. Dit is ook dan gemeensaak dat op 22 April 2004 die tweede verweerder formeel 'n tender gemaak het aan die eiseres vir die betaling van die bedrag van R25 000.

Op aansoek is 'n bevel gegee wat die twee aksies gekonsolideer het.

Die enigste vraag wat op hierdie stadium beantwoord moet word is die vraag of die eiseres besig was om die bus te bestyg toe dit vorentoe beweeg en sy geval het en daarop beseer is, of andersins of sy, soos namens die eerste verweerder beweer is, 'n voetganger was en deur 'n drukkende klomp mense onder die wiel van die bus laat val is.

Dit is heeltemal tereg nie deur mnr **Paterson**, namens die eerste verweerder, betoog dat indien die eiseres in die proses was om die bus te bestyg sy nie as 'n passasier gereken behoort te word nie.  Met ander woorde, dit is namens die eerste verweerder aanvaar dat indien ek sou bevind dat die eiseres in die proses was om die bus te bestyg sy wel as 'n passasier gereken behoort te word.

Dit blyk uit die getuienis wat aangebied is dat op die betrokke dag verskeie van die werkers by die Sitrus Korporasie haastig was om by die huis te kom. Alhoewel toue gevorm is deur van die werkers ten einde vervoer te bekom, is daar ook heelwat gedruk en gestamp deur ongeduldige voornemende passasiers om eerste 'n plek op 'n vervoermiddel te kry.  Dit was duidelik ook die geval met die betrokke bus.  Dit is gemeensaak dat toe die bus met Plaatjies as bestuurder op die terrein waar hy die passasiers sou oplaai aangekom het, heelwat passasiers reeds gestaan en wag het op die vervoer. Daar was egter ook ander busse en vragmotors op die toneel.  Plaatjies het 'n wye draai gery.  Toe hy die toneel nader waar die eiseres gestaan en wag

het, was sy, volgens haar, omtrent 20ste in die ry. Toe die bus tot stilstand kom het die mense begin saamdrom na die deur van die kante af. Die bus het toe ’n ent vorentoe beweeg. Dit het weer tot stilstand gekom en die mense het weer saamgedrom na die deur toe. Die bus het ’n tweede keer ’n entjie vorentoe beweeg. Die voornemende passasiers het weer op die deur toegesak. Die bus het daarop vir die derde keer vorentoe beweeg. Tot dit weer tot stilstand kom het die eiseres op haar getuienis haarself voor by die deur van die bus bevind. Sy het daarop begin om die bus te bestyg. Toe sy haar voet op die trappie geplaas het om in te gaan het die bus weereens vorentoe beweeg waarop sy haar balans verloor en met haar linkerbeen onder die regtervoorwiel te lande gekom het. Die eiseres is intensief onder kruisverhoor geneem, maar het deurgaans ontken dat sy in die proses waar mense gedruk het om die bus te bestyg geval het en sodoende beseer is. Sy het volgehou dat sy met haar linkervoet op die trappie was besig om die bus te bestyg toe dit beweeg het en sy geval het. Tydens kruisverhoor is sy gewys op mediese verslae van ’n deskundige getuie, Dr Forgus, waarop aangetoon is dat sy aan hom sou vertel het dat sy met haar regtervoet op die trappie was en nie met haar linkervoet nie. Op die oog af is dit ’n weerspreking, maar na my oordeel nie van veel belang nie. Die insident het meer as elf jaar gelede plaasgevind en dit is goed moontlik dat daar in die tyd ’n fout kon insluip omtrent watter voet op die trappie was toe die voorval plaasgevind het. Die eiseres is ook gekonfronteer met ’n verklaring wat sy aan die polisie afgelê het drie maande na die voorval. In die verklaring het sy nie spesifiek genoem dat sy besig was om die bus te bestyg toe dit vorentoe beweeg het nie. Sy noem “dat 'n klomp mense was besig om te probeer

opklim“ toe die bus vorentoe beweeg. Sy hou egter vol dat sy self op daardie stadium besig was om op te klim.

Die eiseres word in alle wesenlike opsigte gestaaf deur die getuie Charlton Potgieter. Hy was ook werksaam by die Sitrus Korporasie as ’n sogenaamde “shop steward“. Volgens hom was die eiseres net voor hom in die ry. Hy erken dat mense gedruk het en vorentoe beweeg het in ’n poging om eerste in die bus in te klim. Hy bevestig die getuienis van die eiseres dat die bestuurder van die bus drie keer nadat hy die eerste keer gestop het vorentoe beweeg het, duidelik in ’n poging om die drukkende voornemende passasiers te beheer. Hy staaf die eiseres se getuienis dat sy met haar linkervoet op die trap was toe die bus weer vorentoe beweeg en sy toe geval het en onder die wiel beland het. Nadat die wiel oor haar gery het, het hy haar onder die bus uitgetrek en haar probeer gemaklik maak. Potgieter het ’n stelling namens die eerste verweerder dat hy reeds op die bus was en nie buite agter die eiseres toe die voorval plaasgevind het ten sterkste ontken.

Kort na die voorval was inspekteur Booysen van die Suid-Afrikaase Polisie op die toneel. Hy het die bestuurder van die bus, Plaatjies, baie goed geken. Hy het Plaatjies om ’n verduideliking gevra. Plaatjies het aan hom ’n verduideliking gegee. Die eiseres was in pyn en het nie met hom gekommunikeer nie. Kort na die voorval het inspekteur Booysen ’n inskrywing in die voorvalleboek gemaak omtrent sy waarneming op die toneel. Hy het onder andere die volgende genotuleer:

"Die bestuurder van die bus, Martin Plaatjies, beweer dat die mense wat op die bus geklim het die deur beskadig het. Hulle het mekaar gedruk om binne die bus te kom. Die bus het toe stadig vorentoe gery en in die proses het Lena Dirk se been onder die bus se wiel beland."

Hierdie beskrywing wat Plaatjies aan inspekteur Booysen gegee het is inderdaad stawing vir die getuienis van die eiseres. Alhoewel dit nie genoem is aan inspekteur Booysen dat die eiseres haar voet alreeds op die trap gehad het nie word dit genoem dat die mense mekaar gedruk het om in die bus te kom. Plaatjies het daar ook aan die polisiebeampte erken dat hy stadig vorentoe gery het en in die proses die eiseres se been onder die bus se wiel beland het.

Daar bestaan geen rede om die akkuraatheid van die inskrywing van inspekteur Booysen in twyfel te trek nie. Geen betoog in hierdie verband is ook namens die eerste verweerder gelewer nie. Die eiseres, en in die besonder Charlton Potgieter, het beindruk as getuies. Geen betoog tot die teendeel is namens die eerste verweerder gelewer nie. Namens die tweede verweerder het mnr **Nepgen** ook aan die hand gedoen dat hulle getuienis aanvaar behoort te word. Potgieter staaf die eiseres in alle wesenlike opsigte. Hulle getuienis is duidelik sonder weerspreking en sonder enige onwaarskynlikhede.

Namens die eerste verweerder het Plaatjies sowel as ene Ivan Mambo getuig. Plaatjies was die busbestuurder en Mambo beweer dat hy ook die betrokke dag op die toneel was toe die voorval plaasgevind het. Hy het ook deeltydse werk by die Patensie Sitrus Korporasie verrig. Hy sou ook van die transport gebruik het. Volgens Plaatjies het hy, toe hy die perseel ingekom het, ’n wye draai gery ten einde die passasiers op te laai waar hulle gestaan en wag het. In die ry het Potgieter en nog drie ander persone op die bus gespring. Potigieter het in opdrag van Plaatjies die deur toe gemaak en toe gehou. Volgens hom wou van die werkers inklim terwyl hy ry. Hy het egter aanhou beweeg tot op die punt waar hy die werkers sou oplaai. Die mense het die bus bestorm. Ongeveer ’n meter of twee van waar hy wou stop het hy die mense hoor skreeu en hy toe gestop, uitgeklim en die eiseres op die grond sien lê. Hy het gevra wat gebeur het waarop mense gesê het dat die eiseres geval het. Plaatjies se getuienis was vaag en verwarrend. Ek vind dit onwaarskynlik dat die mense sou opgetree het soos hy sê en in die besonder Potgieter. Volgens hom het Potgieter en die drie ander persone terwyl hy nog gery het die deur oopgemaak en ingespring. Toe hulle binne was het Potgieter die deur toegehou en het die mense die bus bestorm en almal wou opgeklim het terwyl die bus nog beweeg het. Hy erken dat dit 'n gevaarlike situasie was maar dat hy nie gestop het nie. Die mense het saam met hom beweeg in ’n poging om in die ry in te kom, maar hy het aangehou ry. Volgens hom is dit iets wat elke dag gebeur. Hy erken dat in die proses wat die mense die bus so bestorm om in te klim die deur van die bus beskadig word. Hy het verantwoordelik gevoel vir die skade aangesien die eerste verweerder nie gelukkig daaroor was nie. Plaatjies erken dat hy inspekteur

Booysen op die toneel gesien het, maar ontken dat hy enige rapport aan hom gemaak het. Volgens hom het Booysen dit wat hy in die voorvalleboek aangeteken het uit sy duim gesuig. Volgens Plaatjies het hy aan inspekteur Booysen gesê dat hy nie geweet het wat gebeur het nie. Hy ontken dat hy, soos Potigeter getuig het, na die ongeluk 'n aanmerking sou gemaak het dat die besering van die eiseres as gevolg van die drukkery gekom het. Hy het hierdie stelling nie teenoor sy advokaat ontken nie. Tydens kruisverhoor is Plaatjies uitgevra omtrent sy getuie Ivan Mambo. Volgens hom het hy na Mambo gegaan in November, kort voor die verhoor, toe sy prokureur getuies gesoek het. Volgens Plaatjies het Mambo erken dat hy op die toneel was en gesien het dat die eiseres met die gestoot deur die skare geval het. Dit is duidelik uit sy getuienis dat daar konsultasie tussen hom en Mambo was. Tydens kruisverhoor namens die eiser het Plaatjies gesê dat hy Mambo goed ken vir langer as tien jaar en reeds vanaf voor die ongeluk. Hy het hom op die toneel gesien en na die ongeluk het Mambo in die bus ingeklim, hom aan die skouer gevat en "jammer" vir hom gesê. Mambo het verder aan hom gesê dat hy die mense agter die bus aan sien hardloop het en dat hulle mekaar teen die bus verdruk het.

Mambo het namens die eerste verweerder getuig. Hy ontken dat hy Plaatjies ken en hy ontken dat Plaatjies hom genader het met die oog op die litigasie teen die eerste verweerder. Hy ontken verder dat hy na die voorval by Plaatjies in die bus geklim en hom aan die skouer gevat het en aan hom 'n woord van vertroosting gebied het. Alhoewel hy ook getuig het dat Potgieter in die ry in die bus ingespring het was daar volgens hom nie drie ander

persone, soos Plaatjies getuig het, wat dieselfde gedoen het nie. Hy weerspreek ook Plaatjies se getuienis dat die mense wat die bus gevolg het teen die kante van die bus geslaan het. Hy kan ook nie onthou dat daar ’n getoeter was soos Plaatjies getuig het nie. Volgens hom het hy nie agterna saam met Plaatjies in die bus gery nie, maar vervoer op 'n ander voertuig gesoek. Volgens Mambo het die bestuurder Plaatjies aandag aan die eiseres gegee het en nie Potgieter nie.

Daar is talle weersprekings tussen Plaatjies en Mambo. Nie een van hulle het my gunstig beindruk nie. Mnr **Paterson**, namens die eerste verweerder, het ook glad nie my probeer oortuig dat enige een van hulle goeie getuies was nie. Die valse ontkenning van Mambo omtrent kontak wat hy met Plaatjies gehad het dui duidelik op ’n samespanning aan die kant van die getuies namens die eerste verweerder.

Ek het geen huiwering om die getuienis van die eiseres, soos gestaaf deur Potgieter en verder gestaaf in die weergawe van Plaatjies aan inspekteur Booysen, te aanvaar nie. Ek het ook geen huiwering om die getuienis van Plaatjies en Mambo te verwerp nie. Na my oordeel het die eiseres op ’n oorwig van waarskynlikhede bewys dat sy besig was om die voertuig te bestyg toe Plaatjies, waarskynlik uit frustrasie weens die wanorde van die mense, en in vrees vir die verdere beskadiging van die deur, vorentoe gery het. In die proses het die eiseres haar balans verloor en geval en is sy beseer deur die linkervoorwiel van die bus.

Dit is derhalwe my beslissing dat die eiseres bewys het dat sy 'n passasier op die bus was.  Daar kan geen twyfel bestaan dat die bestuurder van die bus nalatig was met sy optrede om vorentoe te ry op die staduim toe die eiseres besig was om die bus te bestyg nie.  Dit is ook nie namens die eerste verweerder betoog dat daar nie in sulke omstandighede nalatigheid aan die kant van die busbestuurder was nie.  Wat mnr **Paterson** egter wel aan die hand gedoen het is dat die eiseres bydraend nalatig was deurdat sy in die lig van haar getuienis dat die bus tevore gestop en weggetrek het seker moes gemaak het dat dit vir haar veilig was om die bus te bestyg.  Indien dit die geval is, sou sy nooit die bus kon bestyg nie.  Die plig van 'n busbestuurder onder soortgelyke omstandighede is bespreek deur Kroon AJ, soos hy toe was, in ***Mali v Shield Insurance Company Limited*** 1984 (2) SA 798 (SECLD) op bl. 805B-C waar die geleerede Regter die volgende sê:

> "It seems to me that a person wishing to board a stationary bus is entitled to assume that the driver will take cognizance of his presence and will not set the bus in motion after he had already commenced mounting the bus and it would be exacting too high a standard of care from a would-be passenger to require him to draw the driver's attention to, or otherwise satisfy himself that the driver is aware of, the fact that he is boarding the bus which was not yet in motion."

Volgens die eiseres was die bus stilstaande.  Sy was besig om die bus te bestyg.  Daar is niks wat aandui dat Plaatjies nie bewus was van die feit dat sy besig was om die bus te bestyg nie.  Die feit dat hy stilgehou het

was in elk geval bedoel om passasiers geleentheid te gee om op die bus te klim. Na my oordeel is daar nie bydraende nalatigheid aan die kant van die eiseres bewys nie.

Die eerste verweerder, Ruiters, is derhalwe verantwoordelik om die eiseres se skade te betaal wat voortgespruit het uit die ongeluk. Die tweede verweerder gee toe dat dit verantwoordelik is om die bedrag van R25 000 soos getender aan die eiseres te betaal. Koste behoort die resultaat te volg. Dit sluit in die koste van die tweede verweerder wat aangegaan is na die tender gemaak is.

Bygevolg maak ek die volgende bevel:

4) Die tweede verweerder word gelas om die eiseres 'n bedrag van R25 000 te betaal.
5) Die eerste verweerder word gelas om die eiseres sulke verdere skadevergoeding te betaal as wat sy mag bewys.
6) Die tweede verweerder word gelas om die eiseres se koste te betaal op die Landdroshofskaal ten aansien van die aksie ingestel in saaknommer 2572/02 tot en met 22 April 2004.
7) Die eerste verweerder sal verantwoordelik wees om die eiseres se koste te betaal soos getakseer of ooreengekom op 'n party en party skaal
    (a) ten aansien van die aksie ingestel in saaknommer 1336/01;

(b) ten aansien van die gekonsolideerde aksies in respek van saaknommer 1336/01 en 2572/02;

(c) ten aansien van die koste van fotos;

(d) ten aansien van ’n voorverhoorinspeksie ter plaatse bygewoon deur die eiseres se prokureur;

(e) ten aansien van koste voorbehou veroorsaak deur die aansoek om konsolideering van die aksies.

8) Die eerste verweerder word verantwoordelik gehou vir die tweede verweerder se koste soos getakseer of ooreengekom op ’n party en party skaal vanaf 22 April 2004.

---

**J C H JANSEN**

**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

**J C H JANSEN**

**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**